Die Posduif
Nuusbrief van die N G Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 15 **3de Kwartaal 2014**

VOLHARDING

Matt. 24 : 13, Matt. 10 : 22b
In ‘n geestelike sin is dit so waar: “Wie volhard tot die einde toe sal gered word.” (Matt 10 : 22b). Dit is ‘n geestelike beginsel. In ‘n alledaagse sin kry jy dit ook by die atlete in die Comradeswedloop tussen Durban en Pietermaritz-burg. Sovele wys teen die einde van die wedloop dat hulle hulle laaste kragte volhardend inspan om die wenstreep betyds te haal. Onthou jy nog die uitlating van die beroemde gholfspeler, Gary Player, toe iemand opgemerk het: “ Jy is darem gelukkig om die balletjie so akkuraat te slaan.” Sy antwoord was: “Hoe meer ek oefen, hoe gelukkiger is ek.” Dit is volharding met die spel!

Op Andries en Hermina Venter se plaas buite die stad Commodoro Rivadavia in Argentinië het ons, terwyl die wind teen ongeveer 88 km per uur waai, gestaan en kyk hoe groot miere met kos en al uit hulle paadjie gewaai word en terugveg om weer in die paadjie te kom om die verdere 300 treë aan te durf en die kos af te lewer. Dis volharding! Salomo het nie verniet gesê dat ons by die miere moet gaan lesse leer nie.

’n Jagter het gesit en kyk hoe ‘n mier 69 keer probeer het om met ‘n grassie in sy bek teen ‘n wal uit te klim. Elke keer he thy maar weer teruggeval. Die 70ste keer het hy egter geslaag. Dis volharding!

Thomas Edison wou iets skep om elektrisiteit te stoor en te bewaar. Keer op keer het sy proewe nie geslaag nie. Toe hy by die 49 999ste proef kom het hy nog volhard en eers die 50 000ste keer het hy geslaag. Dit was die eerste battery wat uitgevind is. Kyk weer na jou flitsbattery en onthou na die hoeveelste proef Edison eers geslaag het om ‘n battery te maak: 50 000! Iemand wat geweet het van al hierdie proewe het vir hom gevra of hy nie moedeloos geword het met al die mislukkings nie. Sy antwoord was so positief: “Ek het geleer dat 49 999 dinge nie werk nie. Is dit die rede waarom daar 1300 uitvindings op Edison se naam geregistreer is?



By Edison het net volharding getel. Dit is aan hom te danke dat ons vandag baie geriewe het, o.a. musiekplate, die filmbedryf, die mikrofoon, die gloeilampie en die transmitter wat gelei het tot die ontdekking van die telefoon. Ons skuld Edison baie, baie dankies vir die geriewe wat ons vandag het. Edison het nie gewerk vir onmiddellike resultate nie. Hy het net volhard. Die baie dinge wat ons

vandag kan geniet is te danke aan sy volharding!

Die Here Jesus het volhardend ook ‘n lydensweg bewandel vir ons “geriewe” en ‘n ewige woning wat Hy vir ons verdien het. Dankie Jesus!

Ds Weitz Botes

GENESING - GENESING - GENESING

In my werk as ***geneesheer***, is twee dinge baie belangrik:

1. Diagnose, en
2. Behandeling.

Die doel van my werk is om ***gesond*** te maak. Gesond beteken:

1. Vry van siekte (bv.pneumonie), en
2. Gekontroleerde siekte (bv. diabetes mellitus).

Maar ek het eintlik ***2*** werke:

1. Ek moet mense liggaamlik gesond hou (fisies en psigies), en
2. ek moet ook mense "geestelik" gesondmaak, d.m.v. evangelisasie en getuienis; as instrument van die Heilige Gees.

Kom ons kyk bietjie na siekte, gesondheid en gesondmaak in die Bybel:

Enkele siektes wat genoem word in die Bybel:

- 2 Konings 20:7 *"Toe sê Jesaja vir Hiskia se dienaars: "Gaan maak 'n pap van vye!" Hulle het dit gedoen, dit op die sweer gesit en Hiskia het daarna beter gevoel."* (Antibiotika)
- 1 Timoteus 5:23: *"Moenie aanhou om net water te drink nie. Drink 'n bietjie wyn ter wille van jou maag omdat jy so dikwels siek word."* (Analgesie, behandeling van dispepsie, diarree, ens.)
- Spreuke 31:6: *"Gee sterk drank vir hulle wat besig is om dood te gaan. Laat hulle wat terneergedruk is, wyn drink."* (Analgesie, anti-depressant, kalmeermiddel)
- Eksodus 9:10: Bose swere (die sesde plaag)
- Levitikus 13:Aansteeklike velsiektes, bv melaatsheid, was redelik algemeen
- 2 Samuel 12:15: Dawid en Batseba se buite-egtelike kind hrt ernstig siek geword en gesterf.
- 1 Konings 17:17: Die weduwee van Sarfat se kind het siek geword en gesterf.
- 2 Konings 4:19-20: Die vrou uit Sunem se seun het kwaai hoofpyne gekry en gesterf.
- 2 Konings 5:1: Naäman se melaatsheid
- 2 Konings 20:1: Koning Hiskia van Juda het ernstig siek geword.
- Job 2:7 Job met pynlike swere getref
- Mattheus 9:20: Bloedvloeiing

Enkele geneesmiddels in die Bybel:

- Markus 15:23: *"Hulle wou Hom toe wyn wat met mirre gekruie was, gee om te drink, maar Hy wou dit nie neem nie."* (Analgesie)
- Numeri 21:8:"Die Here het vir Moses gesê: "Maak vir jou 'n afbeelding van 'n giftige slang *en sit dit bo- op 'n paal. Elkeen wat gepik is en daarna kyk, sal bly leef.""*

Enkele geneeshere/gesondmakers in die Bybel:

- Jesus het verskeie mense gesond gemaak - lees bv. Mattheus 8:1-17, Mattheus 9:1-8, Mattheus 9:18- 34, ens.
- Profete, bv. Elia (1 Konings 17:21)

- Die apostels, bv. Petrus (Handelinge 3:1-8)
- Lukas, die apostel en evangelieskrywer, was 'n dokter van beroep (Kolossense 4:14)

En dan: baie belangrik:

- Maleagi 4:2: *"Maar die Son van Geregtigheid, met genesing in Sy vlerke, sal opkom vir hulle wat eerbied en respek vir My het."* Hiér is ’n verwysing na Jesus as Geneesheer, want: *"Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: "Gesonde mense het die dokter nie nodig nie - die siekes wel. Ek het gekom om sondaars na die Koninkryk te nooi, nie mense wat dink dat hulle alreeds goed genoeg is nie."* (Markus 2:17)

en:

God, leef in 'n nabye noue verhouding met God, en kan sê: *"Here, U dissipline is goed, want dit lei tot lewe en gesondheid."* (Jesaja 38:16)

Gebed is wat ons het vir mekaar - ons kan vir ander se gesondheid (fisies en geestelik) intree by (en hulle opdra aan) God, en as ons nie weet hoe nie, sal die Heilige Gees ons help (Romeine 8:26: *"Die Gees van God help ons ook nog boonop in ons onbeholpenheid. Ons weet immers nie mooi wat en hoe ons moet bid nie. Maar die Gees self neem ons gebedsbehoeftes voor God op met versugtinge wat nie in menslike taal verwoord kan word nie."*) Maar ons het ook *gebed* vir onsself nodig - jy kan ook vir jouself bid en vir genesing vra (Psalm 34:9: *"Beproef en sien dat die Here goed is. Geseënd is die persoon wat op Hom vertrou."*) en Hy sal dit gee op Sy tyd en Sy manier (Jesaja 49:8: *So sê die Here: "Op die regte oomblik sal Ek jou antwoord. Op die dag wat Ek red, sal Ek jou help."*)

Die Here sê in Deuteronomium 32:39: *"Besef dit nou: Ek is die Here! Daar is geen ander God as Ek nie! Ek is die Een wat doodmaak en wat lewe gee; Ek is die Een wat verwond en gesond maak."*

In Jeremia 30:17: sê die Here: *"Ek sal jou gesond maak en jou wonde genees,".*

HY is die Groot Geneesheer.

<u>Kyk hier</u>:

- Psalm 41:4: *"Die Here sorg vir hom as hy siek is en laat hom opstaan uit sy siekbed."*
- Psalm 147:3: *"Hy genees die gebroke hart, en verbind die wonde."*
- Psalm 103:3: *"Hy vergewe al jou sondes, en genees al jou siektes."*

Nou: Nooi die Heilige Gees in jou hart en lewe in, en as jy siek is, kan jy ***met geloof*** sê: *"Here, U alleen **kan** my gesond maak".* (Jeremia 17:14), en daarna: *"Here my God, ek het na U geroep om hulp en U **het** my gesond gemaak."* (Psalm 30:3)

SLOT

Almal van ons het een of ander siekte of skeet onder lede. Almal van ons weet die Here kan dit gesond maak, want Hy sê so in Sy Woord (Jeremia 30:17). Almal van

*"*Moenie julleself oorskat nie. Hou eerder die Here voor oë en vermy wat sleg is. Dit sal jou *gesond hou, jou lewenskrag vermeerder."* (Spreuke 3:7-8)

Nog twee geneesmiddels:

1. Jakobus 5:16: *"....vir mekaar bid sodat julle gesond kan word."*
2. Spreuke 12:18: *"'n Wyse mens se woorde bring genesing."*

Wyse mense is geduldig en kalm (Spreuke 14:30: *"Innerlike kalmte bevorder gesondheid"*). Wysheid is 'n geskenk van God (Spreuke 2:6: *"Dit is tog die Here wat wysheid gee. Sy woorde gee kennis en insig."*)(Die hele Spreuke 2 handel oor "die wins van wysheid"). Wyse mense aanbid

ons moet *geestelik* gesond wees, want Jesus se bloed het al ons skuld afgewas en ons skoongemaak (Titus 2:14: *"Hy het Sy lewe vir ons gegee om ons los te koop van alles wat voor God verkeerd is, en om ons te reinig van alle sonde..."*)

Laat die Heilige Gees jou lei, wees gesond en maak ander gesond - jy ***kan*** ook 'n geneesheer wees!

Rudolph van Wyk

PIK EN PROE

Op 18 Mei 2014 het ons weer gepik en geproe vir ‘n vale – groot bakke kos met kleinbordjies en teelepels. Die dames het hulself weer uitstekend van hul taak gekwyt en die tafels het gekreun onder die groot verskeidenheid lekker disse. Ons het heerlik geëet en dit bly verstommend dat jy so lekker met ‘n teelepel kan eet. Moeder se kos sou nie so lekker gewees het nie. Dankie dames. Kan ons dit maar weer volgende jaar doen?

DIE BYBEL Sê: “KOM DEEL MY UIT!”

Ds Aubrey Botha, oud-predikant van die N.G.Kerk, vertel uit Kanada die volgende verhaal:

By een van die kerke deel ‘n gemeente gereeld kospakkies en Bybels aan arm inwoners uit. ‘n Seuntjie speel eendag naby die kerk in die straat en hy sien hoe mense in en uit by die kerk stap, elkeen met ‘n kospakkie en ‘n pragtige boek. Hy gaan toe ook uit nuuskierigheid in om te sien wat die mense daar in die kerk doen. Toe hulle hom sien gee hulle ook aan hom ‘n kospakkie en ‘n mooi boek.

Hy neem die kospakkie huis toe en almal eet lustig aan die heerlike kos, dit nadat hulle vir vier dae niks geëet het nie. Die pa sien die pragtig geïllustreerde boek en blaai daardeur. Sy leeslus pak hom en daarin ontdek hy die wonderlike liefde van Jesus.

Die werklose pa gaan die volgende dag ook kerk toe en ontvang ook ‘n kospakkie en ‘n Bybel. Hy doen navraag oor die wonderlike Jesus van wie hy gelees het. By die huis skakel hy sy radio aan en hoor hoe hy dié Jesus kan ontmoet. Transwêreldradio (TWR) lei hom na Jesus en leer hom hoe hy deur die Bybel verder geestelik kan groei. ‘n Radikale omwenteling vind toe by hierdie gesin plaas nadat hulle die Bybel gereeld verder lees.

Die lees van hierdie kosbare Bybel verander steeds die lewens van derduisende mense oor die hele wêreld. Die Bybelgenootskap is ook afhanklik van donasies om die groot tekort aan Bybels in Suid Afrika aan te spreek en daar word tydens elke nagmaal ‘n kollekte opgeneem vir Bybelverspreiding. Die koste van ‘n Bybel is tans R40.00. Jou klein donasie kan ‘n reuse verskil in iemand anders se lewe maak.

Ds Weitz Botes

STAP VIR BYBELS

Onthou, ons stap vir Bybels op Vrydag, 19 September tydens die gemeente se verjaarsdagnaweek. Die ideaal is om een Bybel (R40.00) per belydende lidmaat moontlik te maak en bogenoemde “stap” sal help om die gemeente nader aan die mikpunt te bring.
Jy kan ‘n verdere bydrae vir hierdie goeie doel maak deur saam te stap.

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag die volgende persone wat vanaf Mei tot Augustus by die gemeente aangesluit het, hartlik verwelkom. Ons vertrou dat julle reeds ingeskakel het, dat jul

verblyf hier vir julle verrykend sal wees en dat julle betrokke sal raak by die gemeenteaktiwiteite.

Naam	Vorige gemeente	Wyk	Telefoonn
Hendrik Christiaan Buys	**Elandskraal**	**Bredell**	**0785458570**
Pieter Jozua Aucamp	**Welkom-Wes**	**Pistoriusrust M1**	**0825584334**
Elmarie van Huyssteen (nou Aucamp)	**Welkom-Wes**	**Pistoriusrust M1**	
Jacobus Marthinus Aucamp	**Welkom-Wes**	**Pistoriusrust M1**	
Jacobus Hercules Meyer	**Moedergemeente Vanderbijlpark**	**Pistoriusrust M1**	**0722676500**

CAPRIVI-UITREIK: 5 tot 19 JULIE 2014

Die span: Van Parys-Oos – Fanie Marais, Ansie Pretorius, Peet en Magda du Plooy, Elmien van der Westhuizen. Uit Parys-Suid – Dawid Kruger en Louis Minnaar. Parys-Wes – Hannatjie Havenga, Pieter le Grange, Stephan Terblanche, Realdi van Wyk, Ina van Wyk en Barry van Wyk.
Volkswagen borg vir die uitreik ‘n luukse nuwe Carravelle-bussie – gedoop, die ‘weeldewa’.

Op 5 Junie vertrek ons douvoordag uit Parys – vier voertuie toegerus met waardevolle twee-rigting radio’s vir maklike kommunikasie, danksy ds Ian Jonker. Ons reis voorspoedig en kom op 7 Julie by Mazambala op die walle van die Kwandorivier aan, waar ons kamp opslaan.
Ons bedien vandaar ses kleinerige streke met verskillende dorpies, gemeentes en skole. Die streke Lizauli, Sachona, Choi, Kajuho,Singalamwe en Kenana is Parys en Vredefort se verantwoordelikheid. Net drie van die gemeentes van die VGK het voltydse kerkleiers. By Lizauli is Nelson die leier, by Choi is dit Oscar en Charles is by Singalamwe. Soos gewoonlik was Oscar Nyambe deurentyd ons gids en tolk. Charles en Oscar het elk ook ‘n fiets uit Parys ontvang.

Met die vergunning van die skoolhoofde kon ons ongeveer 1370 leerders met die Woord bedien. Elke skool het ‘n kartondoos met Bybels en ‘n sokkerbal ontvang. 37 bejaardes, siekes en behoeftiges is by hul huise besoek, met die Woord bedien, voor gebid en die bede van lied 268 toegesing. Uit die gemeentes was ongeveer 230 lidmate onder die geklank van die Woord. Persoonlike gesprekke is gevoer en Bybels is uitgedeel.

Klere is aan die Kerkrade van die gemeentetjies oorhandig vir verspreiding aan behoeftiges. By een dorpie is die vroue by twee geleenthede touwys gemaak met naald en gare. Die kleiner kinders is oral getrakteer met lekkers en ballonne. Ons dames het die vroue en kinders bederf deur in die sand te sit en hul naels te verf. Wat ‘n aardigheid en groot pret!

Ons as groep se stilword tye, nadenke, Bybelstudie, gebede en getuienisgeleenthede was van ontskatbare waarde. Ons is werklik elkeen self geestelik oneindig baie verryk en versterk. Ons het mekaar as broers en susters in die Here leer liefkry en kosbare bande is gesmee. Wat ‘n voorreg!

Ongelukkig was Dawid en Louis genoodsaak om vroeër terug te keer huis toe weens siekte. Hulle vertrek het ongetwyfeld ‘n groot leemte gelaat.

Dit was ‘n mooi en geseënde uitreik waartydens ons eie verhouding met die Here weereens onder die loep gekom het en in die lig van die verhouding ook ons verhouding met onsself, met mekaar en met die vriendelike mense daar in hulle armoede, nood, lyding en siektes.

Veels te gou was alles verby en moes ons weer oppak vir die terugreis. Vrydag, 18 Julie om 19:00 was ons terug in Parys. Die Here het ons beskerm en was kennelik teenwoordig in alle opsigte van die uitreik. Dankie vir elkeen se gebede hier uit Parys en vir die meelewing!
Alle dank en eer aan ons Verlosser en Here!

Ds Barry van Wyk

KOMENDE GEBEURE

September
19-21: Parys-Wes 54ste verjaarsdag
Vrydag, 19: 17:00 –- Stap vir Bybels
Saterdag, 20: 18:00 – Belydenisaflegging
Sondag, 21: 09:00 - Nagmaal
Oktober
Saterdag, 18: 08:30 – Funksie vir senior burgers
Sondag, 26: 09:00 – Nagmaal; Hervormingsfees

SOP-EN- BROOD-AAND

Op Vrydagaand, 30 Junie het die gemeente weer lekker saam gekuier tydens die sop-en-brood-aand in die kerksaal. Die geleentheid is deur die Diensgroep Getuienis aangebied om fondse in te samel vir hul aktiwiteite maar ook om Koinonia te bevorder.

Daar is weer lekker geëet aan die verskillende soppe en ‘n verskeidenheid brode wat deur ons dames voorsien is. Die tafels was pragtig gedek en sagte agtergrondmusiek het die regte atmosfeer geskep om heerlik oor ‘n kommetjie sop te kuier.

Die terugvoer oor die aand, wat ook deur heelwat mense van buite die gemeente bygewoon is, was weer baie positief en dit begin lyk, te oordeel aan die kommentaar wat ontvang is, of dit nou ‘n jaarlikse instelling geword het. Daar is weer heelwat kaartjies verkoop en meer mense het vanjaar gedeel in die saamkuier eerder as om by die huis te gaan eet. Ons hoop die hele gemeente sal volgende jaar kom saam kuier.

Baie dankie aan al ons dames vir hulle harde werk en vir die lekker sop en brood. Dit was alles die moeite werd.

PINKSTERDIENSTE 2014

Parys-Wes het vanjaar die gesamentlike Pinkster-dienste in Parys-Oos-gemeente bygewoon. Die prediker was dr Theo Marais van Constantia-kruin-gemeente en die tema was: *Die Lewend-makende Gees*.

Sondag 1 Junie – *Die Gees van God*
Die Heilige Gees is die Gees van God en nie "iets" of jou gewete of gevoel nie.
Die Heilige Gees is 'n Persoon.
Die Heilige Gees woon in elke kind van God.
Die Heilige Gees is sag soos 'n duif.
Simbool: DUIF

Maandag 2 Junie – *Die Gees wat Lewe gee.*
Eseg 37:1-14
Esegiël sien die hele laagte wat vol droë bene lê. Dit lyk soos 'n hopelose situasie. Net so hopeloos soos wat Israel se situasie was toe hulle in ballingskap was. Die volk wonder of God hulle hoor en nog betrokke is.
As ons in donker tye kom, soos totale moedeloosheid, vrees, onsekerheid, eksamen, afdanking, siekte, onsekerheid, verlies van 'n geliefde, korrupsie of sonde, dan kan ons ook wonder: Is God nog by my betrokke? Hoor God my?
Die geloofsbelydenis van Nicea stel dit so: Ek glo in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker. Of soos in Eseg 37:14: "Ek sal my Gees in julle laat kom, sodat julle kan lewe."
Neem God op Sy Woord. Die Gees wil nuwe lewe gee in dooie beendere. Ons lewe is nooit so erg dat God dit nie nuut kan maak nie. Bring al jou nood na Hom, vertrou Hom met die moeilikste omstandighede van jou lewe en glo dat die Gees nuwe lewe wil bring.
Simbool: VUUR

Dinsdag 3 Junie – *Die beherende aandeel van jou lewe*
Ef 5:6-20; Ef 5:18: "…laat die Gees julle vervul."
Vervulling met die Heilige Gees is om die beherende aandeel van jou lewe oor te gee.
Mens kan nie kind van God word sonder die Heilige Gees nie want jy word deur die Gees wederbaar. Die Heilige Gees moet die kind van God meer en meer beheer, lei en hul gedrag bepaal, sodat hulle meer en meer soos Jesus word. Soos branders weer en weer uitspoel, aanhoudend en onophoudelik, so moet die kind van God ook aanhoudend vervul word met die Gees. Die Gees moet nie soos 'n gas wees, wat net in die sitkamer bly sit, net in sekere dele van die huis (lewe) toegelaat word nie. Nooi die Gees in in elke faset en aspek van jou lewe, ook die seerplekke, die onvergewens-gesindheid, die wrokke en gebroke verhoudings, om totale beheer oor te neem. Weer en weer. Ons is lewenslank onder konstruksie van die Gees.
As die beherende aandeel van my lewe nie aan die Gees behoort nie, dan bedroef ek die Gees en ek verbeur die volheid van God wat ook vir my bedoel is.
Simbool: BRANDERS

Woensdag 4 Junie – *Herwin uit die ashoop van jou bestaan*
1 Kor 1:26-31; 2 Kor 3:16-18;
Die duurste koffie (Kopi Luwak) word verkry uit koffiebone wat versamel is uit die mis van sivetkatte wat die bone gevreet het. Die bone word gewas en verwerk en koffie word gemaak en verkoop teen R85 per koppie!
Herwinning is aan die orde van die dag, bv blik, karton, plastiek. Dis al lankal 'n algemene gebruik. Ons voorouers het bv. meelsakkies uitgewas en gebruik vir vadoekies en selfs onderklere en hulle het broodpanne gemaak uit paraffienblikke. Ook word motorbande gebruik as swaaie en skoensole.
God skep uit sonde en dood die genade en lewe, tel lewens op wat vasgeloop het en herstel dit. As ouers nog bekommer, het God reeds 'n deur oopgemaak.
Jes 61: 1-3: Hy gee eer ipv smart; blydskap ipv hartseer.
Jes 40:30,31: "…die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag."
God tel op, keer seer om, verander verleenthede na goddelike geleenthede, soos bv. vir Josef – Gen 50:20: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen."
God maak nuwe mense.
Bring jou rommel, jou sonde, jou koppigheid, alles na die Here en ervaar hoe die Gees optel, herwin, sin maak!
Kyk terug op jou lewenspad, sien die genadewerk van God en staan verstom.
Simbool: KOFFIE

Donderdag 5 Junie – *Om agteruit vorentoe te loop*
Ps 46 ;
Hierdie Psalm se opskrif sê dis vir die Koorleier. Dis asof die koorleier voor die volk staan, terwyl hul in krisis is en die volk herinner dat God 'n toevlug en beskerming is en nog altyd was, selfs in tye van groot nood. Vs 3,4: "Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge… al druis en skuim die see…" byna soos met die aardbewing by Tulbagh in 1969.
Kyk terug,wees stil en weet God het nog altyd gehelp. Bedink dit.
God help die volk in ballingskap om opnuut te besef hoe groot Hy is (Jes 40:12,25) en herinner Job wie die Skepper is (Job 38,39).
Israel het 'n teologie van onthou in herinnering geroep. Hulle het nie vergeet wat God gedoen het nie, bv. die Pasga, God van Abraham, Isak en Jakob.
Agteruit die toekoms in; kyk agtertoe hoedat God voorouers gehelp het.
Tydens erge wreedheid teen Jode, word die Daniël-boek bymekaar gebring en die verhale daarin versterk die volk om te besef God help weer en weer en gee krag.
Heb 11 vertel van die geloofshelde, sodat die volk (en ons) nooit sal vergeet nie.
Dieselfde Lewendmakende Gees leef steeds in ons, hou ons vas, help ons op, laat ons opstaan, omdraai, terugkyk en opkyk. Bedaar en erken dat Ek God is.
Simbool: GALERY VAN GELOOFSHELDE

Sondag 8 Junie – Erediens en Nagmaal in Parys-Wes se kerk. (Ds Barry van Wyk)
Luk 14:12-34; Luk 6:27-36;
Ons doen graag goed aan dié wat aan ons goed doen. Maar vir kinders van die Here is dit nie genoeg nie. Jesus sê gee ete en nooi armes, verlamdes, blindes – die wat jou nie kan vergoed nie.
Dan sal ons gelukkig wees. Christelike barmhartigheid begin by 'n ete by jou huis vir mense wat niks kan teruggee nie.
Die Lewendmakende Gees en bewustheid van God se onverdiende genade oor my en vir my maak die barmhartigheid in my wakker. Dis hoe ek God vergoed vir genade.
Pasop dat ons nie so selfgenoegsaam is, dat ons nie behoefte het aan dié maaltyd van dié Eienaar nie.
As ek God se genade nie verstaan nie, het ek nie liefde nie.
Dis makliker om net ietsie te gee, as om betrokke te raak.

Barmhartigheid is ‘n seer hart oor iemand anders se nood en swaarkry. Soms maak ons ander se swaar juis swaarder deur ons geskinder en stories.
Die Evangelie vra nie ‘n bydrae nie, maar ‘n nuwe lewenstyl.

O Gees maak tog lewend, wek ons asb op tot ‘n nuwe lewenstyl, met nuwe oë.

Hortense

SNOEKETE TEN BATE VAN CAPRIVI-UITREIK

Die Snoekete ten bate van die Caprivi-uitreik is weer op Vrydag, 30 Mei 2014, by Parys-Wes gehou. Die geleentheid is goed ondersteun deur lede van die verskillende gemeentes en die publiek. Hierdie is ‘n gesamentlike fondsinsamelingspoging deur al die NG Gemeentes in Parys en 250 kaartjies is verkoop.

Dankie aan almal wat gehelp het met die reëlings, die braai van die vis en die gaarmaak van daai heerlike patats. Ons het die ete en die lekker saamkuier geniet en sien uit na die volgende een.

DANKIE AAN SUSAN MYBURGH – ORRELISTE

Namens Parys-Wes sê ons baie dankie aan Susan Myburgh wat vir bykans twee en ‘n half jaar orreliste van die gemeente was. Ons het lekker saam met jou gesing en dit was aangenaam om ook op ander plekke, soos agter die pannekoektafels, saam met jou te werk. Dit kan gelukkig steeds gebeur.

KRY DIE POSDUIF PER E-POS

Die Posduif is elektronies beskikbaar. Stuur asb jou naam en e-posadres aan Hansie Bekker by hansieb@lantic.net en die Posduif sal per e-pos aangestuur word. ‘n Uitgawe is ongeveer 2MB groot.

BASAAR – 2 AUGUSTUS 2014

Daar is besluit om hierdie keer iets anders te doen en daarom is die kraampies aan verskillende lande gekoppel:

Die vleis-afdeling was Suid-Afrikaans met ontbyt uit Engeland. Dan was daar Duitse poedings en Nederlandse koeke, Arabiese pannekoek en “chips” soos die Amerikaners dit maak. Natuurlik moes daar ook Indiese kerrie-en-rys en Portugese halwe hoenders wees. Die lekkers was van Disneyland en die deli van Frankryk. Switserse naaldwerk en wit olifante uit Thailand het die prentjie voltooi. Die koektafel het almal uitgestof en die lekkers en die hoenders het ook goed gevaar.

Die hele basaar met al die kraampies was ‘n reusesukses. Die Here het voorsien aan Sy gemeente en ons kan aan Hom alleen al die eer gee. ‘n Bedrag van R160 000 is ingesamel en saam met die mini-basaar het ons nou ‘n hupstoot van R200 000 gekry.

Baie dankie aan almal wat in so ‘n behulpsame gees saamgewerk het. Soli Deo Gloria!

Krimpie du Preez

Thys van Zyl is die Turk wat kaartjies by die pannekoektafel verkoop.

Danie en Chrissie Cronje en Susan Burger by die Franse Deli.

BEDIENING ONDER SJINESE IN KANADA

Amanda van der Merwe en haar suster in gesprek met Sjinese pastoor

Ons gemeente in Regina het verlede maand ‘n Sjinese pastoor ontvang en bevestig. Pastoor Clement was ‘n welgestelde sakeman uit Sjina wat in Toronto ‘n groot besigheid gehad het. Hy het tot bekering gekom en is in ‘n Bybelskool opgelei as ‘n Pastoor in die Baptiste Kerk.

Hier is dertig Sjinese in ons gemeente wat die Christelike geloof aangeneem het. Pastoor Clement hou nou elke Sondag ‘n erediens vir die Sjinese in die onderste deel van die kerkgebou. Hy wil in Regina ‘n kerk vir Sjinese plant.

Ek en hy gaan nou met ‘n "pingpong"-bediening begin. Ons hou tafeltenniswedstryde tussen die Suid-Afrikaners en die Sjinese. As ek die telling in Afrikaans hou behoort ons die wedstryde te wen.

Pastoor Clement se motor het op ‘n sleepwa aan die brand geslaan toe hulle trek vervoer is. Gelukkig het ‘n gemeentelid vir hom ‘n motor geskenk, nadat ek in ‘n preek daarna verwys het.

Amanda het vir hom beskuit gebak. Hy het weer vir ons ‘n Sjinese gereg gemaak, wat ek vir die duiwe gevoer het.

Frans van der Merwe uit Kanada

ONS SENIOR BURGERS 80 jaar en ouer

Mooi wense en geluk met die nuwe lewensjaar. “Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou.” 2Kron 16:9

JUNIE:

05 - Lenie Herbst: Dit gaan baie goed. Heup gee bietjie moeilikheid maar sy kyk op vir krag om haar deur te dra.

21 - Kobus Myburgh: Nie tuis nie. Hou vakansie. Dan gaan dit seker goed?

JULIE:
05 - Jannie de Bruyn: Dit gaan goed en sy gesondheid is ook nog goed. Baie bedrywig met sy groentetuin en skryfwerk.
07 - San Nel: Het nierversaking in een nier gehad maar dit gaan nou weer beter. Daar is maar pyne van die ouderdom maar sy kry krag om dit te dra.
28 - Hennie Brink: Dit gaan baie goed. Hy voel weer sterk genoeg en sal weer kerk toe kom sodra dit vir hom moontlik is.
30 - Nicolette Terreblanche: Dit gaan onder omstandighede heel goed - het osteoperose in bene, maar kry krag om aan te gaan.
AUGUSTUS:
01 - Gideon Barrett: Gaan goed, het nie probleme nie. Die ou rug is partykeer bietjie seer, maar hy gaan aan en het baie om voor dankbaar te wees.
05 - Regina Stroebel: Haar been gee haar probleme, maar sy gaan aan. Was by die dokter wat meen dat sy ‘n knievervanging moet kry, maar sy kan nie vir so ‘n groot operasie gaan nie.
09 - Anna Brand: Dit gaan baie goed, geen klagtes nie. Werk nog in die tuin en is baie dankbaar dat dit so goed gaan.
23 - Bettie Fullard: Dit gaan baie goed. Sy het verhuis na Amot, het goed ingeskakel en bly lekker. Haar gesondheid is ook nog goed.

BESOEK VAN ROBBERTZES OP SONDAG, 22 JUNIE 2014

Johan en Trudie Robbertze en hulle twee seuns, Hannes en Dawie woon en werk in die suide van Tanzanië, in die dorpie Mtwara naby die see. Hulle is in diens van SIM (Serving in Missions) en werk al sedert Julie 2000 daar. Hulle teikengroep is die kinders van die omgewing en deur middel van nuusbriewe hou hulle ons gemeente, wat aan hulle gebeds- en finansiële steun gee, op hoogte van hulle bediening.

Op **Sondag 22 Junie** het hulle ons gemeente besoek om ons bietjie van hulle projekte te vertel. Behalwe dat Trudie tuisskoling aan haar kinders gee, vul sy haar dae met kinderklubs wanneer die omgewing se kinders in die namiddae by hulle huis bymekaar kom vir Bybelstories, speletjies en ander opvoedkundige aktiwiteite. Johan het toegang tot die laerskole waar hy Bybelklasse aanbied en die Jesusfilm vertoon.

Die plaaslike regering verwag dat hulle hul verblyf daar moet regverdig deur ‘n bydrae tot die gemeenskap te maak. In samewerking met Suid-Afrikaanse gemeentes het hulle ‘n stewige speelpark opgerig wat elke dag met groot vreugde deur die kinders benut word.

Hulle geslaagde Kinderbediening het daartoe gelei dat hulle vir ‘n geruime tyd al die behoefte aan ‘n bediening vir tieners voel. Die droom van ‘n Jeugsentrum spook al lankal by hulle en hul het begin bid en soek vir ‘n geskikte terrein waar iets soos ‘n “Veldskool” of “Strandskool” gevestig kan word. Hul doel is om aan tieners ‘n 3-5 dag belewenis by die see te gee waar hulle dinge kan leer soos swem, bewaring van die omgewing, leierskap-ontwikkeling en etiese waardes (veral laasgenoemde). Deur ‘n wonderlike voorsiening van die Here, het ‘n ander sendingorganisasie hul eiendom beskikbaar gestel. Die stuk grond met geboue op is net 700 m van hulle huidige terrein af. Tans is hulle besig om ‘n ooreenkoms op te stel. SIM kan die grond vir 30 jaar kry om met regeringshulp te ontwikkel en te gebruik as ‘n “Jeugsentrum”.

Na lekker tee-en-koek in die kerksaal, kon ons vir hulle die Here se seën toebid en ‘n bydrae van R2000 aan hulle

oorhandig. Dankie aan almal wat tydens tee ‘n bydrae gemaak het.

Uitstalling na afloop van die diens.

Johan en Trudie Robbertze saam met Johan Rall

GEMEENTEVRAELYSTE : RESULTATE

Die gemeente is in 2013 gevra om deel te neem aan ‘n opname om te bepaal wat hul gevoel oor die gemeente en die aktiwiteite in die gemeente is.
Ten tye van die uitgee van die vraelyste was daar ongeveer 830 belydende lidmate in ons gemeente. Hiervan het 165 hul lyste ingehandig, d.w.s. ongeveer 20%. Dit is meer as die vereiste minimum vir ‘n geloofwaardige steekproef. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het.
Die volgende is ‘n paar interessanthede wat uit die vraelyste na vore gekom het :
74% ervaar hul lidmaatskap baie positief ~~as~~ (bo 80%). Hul is dus baie gelukkig met die gemeente en sy aktiwiteite.
60% van ons gemeentelede is ouer as 70 jaar.
56% sê hulle kom gereeld kerk toe.
71% verkies die erediens soos dit tans is.
89% het Sondae ‘n warm, vriendelike ervaring.
68% versoek dat meer kinderdienste gehou word.
Vir die meeste kerkgangers (respondente) is al die gebeure op die kerkkalender belangrik. Nagmaal op Goeie Vrydag en Pinksterfees staan uit.
84% wil graag hul bydraes maandeliks maak.
33% wil hul bydraes vir die diaken gee.
30% verkies om deur middel van ‘n koevertjie in die erediens by te dra.
13% maak hul bydraes met debiet- of aftrekorders.
34% wil graag twee maal per jaar hoor hoe dit met die finansies gaan.
64% stel nie belang in ‘n selgroep nie.
62% wil graag een maal per jaar deur die leraar besoek word.
17% wil voor Nagmaal besoek van die ouderling ontvang.
34% wil hê dat die leraar en die ouderling saam huisbesoek doen.
38% wil graag na die erediens tee drink.

Diensbaarheid: Verskeie gemeentelede het aangedui dat hulle reeds by van die diensgroepe betrokke is of sou belangstel om hul gawes daar aan te wend. Die name sal mettertyd aan die diensgroepe deurgegee word maar lede word uitgenooi om intussen self ook met die groepe te skakel. Kontakbesonderhede is op die kalender beskikbaar.

Daar moet egter daarop gewys word dat die persentasies wat gegee word nie 100% betroubaar is nie aangesien almal nie die vraelys volledig beantwoord het nie.

Dankie aan Dolf Lategan wat die groot taak om die verwerkings te doen op hom geneem het.

Krimpie du Preez

WELKOM AAN HERMIEN BOSMAN : ORRELISTE

Namens die gemeente wil ons graag baie welkom sê aan Hermien Bosman wat vanaf Junie 2014 aangestel is as orreliste van Parys-Wes.

Ons sal later meer van Hermien leer en sien maar ons weet reeds dat sy ‘n uitstekende begeleier is en ons geniet haar spel tydens kollekte en na die diens.

Parys-Wes koor: Hermien het reeds met ‘n koor begin en hulle oefen 18:00 op Donderdagaande by die kerk. Kontak Hermien (056 811 2526), gaan sien haar na die ere-diens of daag net op. Ek hoor dit is lekker!!

WEBWERF VIR DIE GEMEENTE

Die kerk se webwerf is aktief en die die weeklikse program, Die Posduif en ander inligting is daarop geplaas en word gereeld opgedateer. Dankie aan Cleone de Swardt wat die taak op haar geneem het. Julle is welkom om foto’s en inligting van gemeente-aktiwiteite aan Cleone (cleone.deswardt@gmail.com) te stuur vir die webwerf. Besoek die webwerf gerus by ngwes.parys.co.za.

POSDUIF REDAKSIE

Merwe le Grange was as lid van die redaksie altyd besig om goed te identifiseer wat ons dalk in die Posduif kon gebruik as daar groot gate oop was. Sy was altyd bereid om opsommings te maak van besoekers se praatjies, ens. Nou is sy nie meer met ons nie en ons gaan haar mis. Dankie Merwe vir al jou bydraes.

Dit beteken dat die redaksie net twee lede het, nl Hansie en Elize Bekker. Ons het hulp nodig en dit sal goed wees as die verskillende Diensgroepe persone kan identifiseer wat besonderhede van hul aktiwiteite aan die redaksie kan deurgee. Ons soek ook iemand wat met ons senior burgers (bo 80) kan skakel om te hoor hoe dit gaan. Baie dankie aan Dolf wat die omskakeling na PDF behartig en diegene wat reeds artikels voorsien.

LW: Ons wil nie vergaderings hou nie. Ons soek net inligting oor ons mense en gemeente wat aan die res van die gemeente deurgegee kan word.

As jy wil help, skakel asseblief vir Hansie of Elize by 056 811 4754 of 082 820 4306.

In huishoudelike sake word ek gelei deur Katie , my vrou. In ander sake word ek gelei deur die Heilige Gees - Martin Luther